DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**20 Februarie 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Efesiërs 2: 11— 22 |
| **Tema** | Ons is 'n temple van die Here |
| **Sang** | Psalm 33: 1, 7<br>Skrifberyming 5-3: 1, 2<br>Psalm 130: 1, 2<br>Lied 478: 1, 2<br>Lied 477: 1, 2 |

Ons (die kerk) is 'n tempel vir die Here,

- waarin God deur sy Gees woon,
- gebou op die fondament van die apostels en profete,

* met Jesus Christus as die hoeksteen

Israel het beleef dat die tempel God se huis is waar Hy gewoon het. Nou is dit nie meer 'n fisiese struktuur nie. God bly nou in die gelowiges saam, en elke gelowige is ook die tempel van God. Die fondament van die nuwe tempel is die apostels en die profete, en hulle boodskap is deur die Heilige Gees geïnspireer en kom met gesag. Hulle prediking is die fondament waarop die kerk gebou is.

Christus is die hoeksteen en die gelowiges is die stene. Hierdie tempel is ’n lewende liggaam wat groei. Dit is die geestelike huis waarin God woon. Wat is die resultaat daarvan dat Christus ons met God versoen en vrede onder mekaar gebring het? Die heidene was afgesny van die Here se voorregte van beskerming en gesprek met Hom. Nou het hulle saam met die gelowiges uit die Jode medeburgers van die Koninkryk van God geword. Met die Koninkryk word die die regering van die Koning, Jesus Christus, bedoel. Deur Hom kry ons nou voorregte en verantwoordelikhede as burgers. Ons word beskerm en gelei deur die Koning van die konings. Ons was voorheen bywoners wat beskou is as tweederangse burgers wat gesmag het om iets van God se seëninge te ontvang. Nou is ons lede van God se huisgesin, kinders in die huisgesin van God. Die kerk van Christus is een huisgesin wat oor landsgrense heen die liefde van een Vader, een Verlosser en Trooster asook die liefde van medegelowiges beleef. Israel het beleef dat die tempel God se huis is waar Hy gewoon het. Nou woon God die Heilige Gees in die gelowiges saam, en elke gelowige is ook die tempel van God.  Die fondament is die leer van die apostels en die profete, en hulle boodskap is deur die Heilige Gees geïnspireer en kom met gesag. Hulle verkondig die versoening in Christus, want Hy is die hoeksteen en ons is as gelowiges die stene.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir tannie Ans vd Walt wat in Limcare versorg word. Mag die Here julle almal deur die Heilige Gees versterk op die pad.
* Ons is dankbaar dat almal wat operasies gehad het op die herstelpad is. Ons bid julle die seën van die Here toe.
* Ons bid vir Su-mari Hoogenboezem wat na ‘n breinoperasie by die huis aansterk. Ons bid vir Japie en Hantie wat geestelike ondersteuning gee.
* Ons dink ook aan Louis Marx wat in die hospitaal se ICU eenheid opgeneem is en tans daar aansterk. Ons bid vir jou en Gerda die Here se seën toe.
* Ons bid vir Willem en San-Mari van Wyk met Maandag se bevalling. Baie seën met die nuwe lewe wat ons Vader julle skenk.
* Baie dankie aan die kinders en ouers wat Donderdagaand by die speletjies- en pannekoekaand was. Ons sien mekaar in Maart met nog ‘n rondte saalsokker.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 20 FEB

**Diensbeurt:** Wyk P3

**Ouderling:** **Albie Olivier**

**Katkisasie:** Graad 5

**Diaken:** **Ruan Olivier**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**20 Februarie 2022** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 21 Feb 2022 | 18:00 | ***Kerk*** | Finanskommissie verg. |
| 22 Feb 2022 | 09:00 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 22 Feb 2022 | 18:00 | ***Kerk*** | Bedieningskommissie verg. |
| 23 Feb 2022 | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 23 Feb 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 24 Feb 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 24 Feb 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 20 Feb | Veronica Schutte<br>Matthew Llewellyn | 61<br>27 | B<br>B | 072 484 9623<br>078 725 4591 |
| Ma 21 Feb | Albie Olivier<br>Dirk Heinlein | 59<br>50 | B<br>B | 082 853 5470<br>083 281 0772 |
| Di 22 Feb | Amy-Lee Fourie | 1 | D | 072 595 9969 |
| Wo 23 Feb | Anita Korff | 55 | B | 083 301 9044 |
| Do 24 Feb | Pieter Nieuwoudt<br>Ruben Krüger | 54<br>23 | B<br>B | 073 416 1297<br>083 383 6196 |
| Vr 25 Feb | **Harriet Krüger ***<br>Kudu Pretorius<br>Lize Combrink | **70**<br>58<br>6 | B<br>B<br>D | 076 394 1396<br>082 929 9751<br>073 318 8142 |
| Sa 26 Feb | Daleen Coetsee<br>Heinrich Grobler | 48<br>10 | B<br>D | 079 490 2678<br>071 885 8928 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 21 Feb 1981 | Flip & Karien Nell | 41 | 083 302 1802 |
| Sa 26 Feb 2011 | Dirk & Magda Heinlein | 11 | 083 281 0772<br>076 340 9008 |
| Sa 26 Feb 2005 | Dawie & Alfrieda Lessing | 17 | 083 627 4751<br>083 636 4057 |

## ATTESTAAT UIT

Suster Zan-Mari Weideman vanaf GK Pietersburg na GK George.




## NAGMAAL ETE

Lidmate wat die **Nagmaal ete op 13 Maart 2022** wil bywoon moet asb hulle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.

Neem asb kennis dat daar **twee eredienste** sal wees en dat die ete dus na die tweede diens sal wees.

Die susters word versoek om soos wat die gewoonte is met 'n Nagmaal ete asb dan **'n slaai saam te bring**. Onthou ook om eie eetgerei ens te bring.



## YOUTUBE KANAAL

Lidmate moet asb kennis neem dat al die eredienste **"Life gestream"** word op YouTube.

Lidmate sal die link op die YouTube WhatsApp groep ontvang en kan dan die link volg om eredienste op 'n slimfoon, tablet of rekenaar te volg.

**Eredienste begin steeds Sondae om 09:30 in die kerkgebou.**



# BASUIN PLASINGS

# Akademie Reformia

*Soli Deo Gloria*

## VAKATURE : AKADEMIE REFORMIA

## POS : SKOOLHOOF

Indien u 'n dinamiese leier is met 'n passie vir Skrifgefundeerde skoolbestuur en onderrig, verneem ons graag van u.

**VEREISTES :**

- Lid van die Gereformeerdesusterskerke, of AP-Kerk wees.
- Insig t.o.v. gereformeerde onderwys.
- Minimumvereiste van B-Ed Graad of NGOS.
- SACE Registrasie
- Toepaslike skoolleierskapservaring.

Aanduiding van u vermoë en ervaring in die afrigting van buite-kurrikulêre aktiwiteite.

**AANSOEKE:**

Indien u aan bogenoemde vereistes voldoen, voorsien ons van die volgende:

Curriculum Vitae.
Getuigskrif van u huidige predikant.
'n Dekbrief met meer inligting waarom u die geskikte kandidaat vir die pos is.

Aansoeke kan gestuur word na hoof@akademiereformia.co.za of ingedien word by die skoolkantoor.

Let wel:

Daar word slegs van u verwag om bewyse van kwalifikasies in te dien sou u genooi word vir 'n onderhoud.

Akademie Reformia behou die reg om geen aanstelling te maak nie.

**SLUITINGSDATUM : 31 Maart 2022**

**INDIENSTREDING : So gou as moontlik.**

# KOLLEKTE

<u>Wat beteken die woord kollekte?</u>
Dit is 'n versameling (van die Latynse: colligere "versamel") – 'n versameling van geld vir godsdienstige of liefdadigheidsdoeleindes, bv soos die insameling tydens of na 'n erediens in die Christelike kerk.

<u>Wat beteken die kollektes in die erediens?</u>
By die kollekte in/onder die erediens gaan dit in die eerste plek om diens aan die Here. Lees Markus 12:41-44 (die arm weduwee se gawe) en ook 2 Kor 8:1-9 (Christelike vrygewigheid). Kollektes word gebruik vir die diakonie se barmhartigheidswerk.

By die deure word die kollektes ingesamel en aangewend om die koninkrykswerk in die breë kerkverband te ondersteun.

<u>Wie bepaal die kollektes?</u>
Vir baie jare het Sinode op Sinode verskillende verpligte en ook vrywillige kollektes vasgestel vir 'n drie jaar termyn. Kollektes word deur die verskillende Deputategroepe aanbeveel en deur die Sinode goedgekeur sodat Deputategroepe hulle opdragte kan uitvoer soos deur die Sinode aan hulle opgedra. Die keuse van kollektes is dus 'n keuse waarby alle gemeentes direkte inspraak het..

<u>Ander kollektes</u>
Op die jaarprogram van kerke verskyn daar ook nog ander kollektes, bv 'n kollekte aan die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys of vir ander liefdadigheidsorganisasies in jou gemeente se grense – kyk 'n bietjie watter ander kollektes buiten die wat hier genoem word samel jou gemeente in.

<u>Wie samel die kollektes in?</u>
Dit vorm deel van die amp van die diakens. Lees die formulier van die bevestiging van diakens.

<u>Hoe gaan ek weet watter kollekte Sondae ingesamel word?</u>
Dit word aanbeveel dat die doel van die kollektes elke Sondag volledig afgekondig word. Dit sal verder baie nuttig wees as die kollektes wat op 'n bepaalde Sondag opgeneem gaan word, reeds die vorige Sondag afgekondig word, of in die gemeente se nuusbriewe gepubliseer word.


Volledige bekendmaking en voorafbekendmaking werk mee om lidmate te motiveer om mede-eienaarskap te neem/aanvaar vir 'n bepaalde saak waarin elkeen geleentheid kry om deel te voel van die betrokke saak.


**Wat gebeur met die kollekte nadat dit ingesamel is?**

Alle verpligte en vrywillige kollektes word na dit ingesamel is deur die diakens getel en daarna aan die Administratiewe Buro in Potchefstroom oorbetaal waar dit aangewend word vir die doel waarvoor die kollekte ingesamel word.

| VERPLIGTE KOLLEKTES | |
|---|---|
| 1 | Bybelverspreiding |
| 1 | Dankbaarheidsfonds (naaste aan 11 Februarie) |
| 1 | Kerklike Tydskrifte |
| 1 | Ekumenisiteit [Buitelands] |
| 2 | Thusofonds |
| 7 | Emeritaatsversorging (Slegs ledekerke) |
| 5 | GKSA Sustentasiefonds |
| 6 | Teologiese Studentekas |
| 1 | Deputate Jeugsorg |
| 1 | Expando |

| VRYWILLIGE KOLLEKTES | |
|---|---|
| 1 | Bystandsfonds vir Diakonie kragtens KO, art 25 |
| 1 | Ekumenisiteit – Gereformeerde Jeug in Londen |
| 1 | Teologiese Studentebehuising |
| 1 | Teologiese Skool Biblioteek (wanneer nodig) |
| 1 | Kerklike Tydskrifte (wanneer nodig) |
| 1 | Teologiese Skool Publikasies |
| 1 | Instituut vir Christelike Onderwys |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2022
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
R 129 686.00
R 182 396.24
JAN
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2022
R 30 000.00
R 25 000.00
R 20 000.00
R 15 000.00
R 10 000.00
R 5 000.00
R -
R 26 997.70
R 21 838.35
JAN
INK...
UIT...

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.*

*Efesiërs 2: 20*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS